



Resensies

- Smit, Dirk J. 2007. **Essays in public theology: collected essays 1**. Stellenbosch: African Sun.
(*J.M. Vorster*) 161
- Tolmie, D.F., ed. 2007. **Exploring new rhetorical approaches to Galatians**. Bloemfontein: University of the Free State.
(*G.J.C. Jordaan*) 164
- Renkema-Hoffman, Miranda. 2007. **Naar een nuwe kerkenraad: een ondersoek naar die prinsipiële uitgangspunten van een gereformeerde amts- struktuur in die 21e eeu**. Apeldoorn: Teologiese Universiteit.
(*A. le R. du Plooy*) 166
- Cilliers, Johan. 2007. **Binne die kring-dans van die kuns: die betekenis van estetika vir die gereformeerde liturgie**. Stellenbosch: Sun Press.
(*E.J. Smit*) 168
- Mashau, T.D. 2006. **Unlocking the mystery of marriage: issues in premarital counselling**. Potchefstroom: Potchefstroom Theological Publications.
(*S. van der Merwe*) 171
- Potgieter, Jorrie. 2007. **Homoseksualiteit: 'n Skrifgefun- deerde perspektief**. Vereeniging: Christelike Uitgewersmaatskappy.
(*J.J. Janse van Rensburg*) 174
- Joubert, Stephan, red. 2007. **Die perfekte storm: hoe die gelowige van vandag die wêreld van môre kan oorleef**. Vereeniging: Christelike Uitgewersmaatskappy.
(*F.P. Kruger*) 176

- Vos, Cas & Human, D., reds. 2007. **Liefde is die grootste: oor erotiek en seksualiteit.** Pretoria: Protea Boekhuis.
(*P.H. Botha*) 179
- Wessels, Francois. 2006. **Wie was Jesus regtig? Oor die historiese Jesus.** Wellington: Lux Verbi.BM.
(*F.P. Viljoen*) 181

Fokusresensies

- Lewis, C.S. 2006. **Doodgewoon Christen.** Wellington: Lux Verbi.BM.
(*G.A. Lotter*) 183
- De Kock, Helene. 2007. **As dood Lewe word.** Vereeniging: Christelike Uitgewersmaatskappy.
(*J. Steyn*) 186
- Manning, Brannin. 2007. **Die goeie nuus vir flentermense: oor God se verstommende genade.** Wellington: Lux Verbi.BM.
(*S.J. Wessels*) 187



Resensies

Smit, Dirk J. 2007. Essays in public theology: collected essays 1.
Stellenbosch: African Sun. 469 p. Prys: R250,00.
ISBN: 978-1-920109-63-9.

Resensent: J.M. Vorster
Skool vir Kerkwetenskappe, Potchefstroomkampus,
Noordwes-Universiteit

Dirk J. Smit is hoogleraar in Dogmatiek en Etiek by die teologiese fakulteit in Stellenbosch. Hy is bekend vir sy jarelange navorsing op die gebied van publieke teologie en was instrumenteel in die oprigting van die Beyers Naude-sentrum vir publieke teologie aan die Universiteit van Stellenbosch. Sy navorsingsresultate is op wye vlak nasionaal en internasionaal gepubliseer en die kenmerk daarvan is klem op die rol wat kerk en teologie kan speel in die ontwikkeling van die Suid-Afrikaanse samelewing en die vestiging van 'n etos van menswaardigheid, diensvaardigheid en versoening in Suid-Afrika. Die boek van hom wat pas verskyn het, bevat 'n groot aantal van hierdie artikels waarvan sommige ook elders verskyn het.

Die eerste deel van die boek is getitel: "Context – apartheid, reconstruction, modernity, globalization". Hierin behandel hy die historiese stryd teen apartheid asook die huidige uitdagings wat deur die rekonstruksie van die land aan die kerke gestel word. Hy fokus verder op die impak van die kerk ná die apartheidsera en wy 'n artikel elk aan "Civil Religion" en "Globalization". Die artikels is vars en aktueel en baie waardevol vir die diskoers in kerklike en teologiese kringe oor hierdie fenomene.

Die tweede deel handel oor "Public Theology" en hy skop af met 'n diskussie met Bram van de Beek oor laasgenoemde se interessante artikel oor "Theology without ulterior motive". Hy slaag myns insiens daarin om aan te toon dat teologie 'n besliste sosiale dimensie het. Sy Bybels-prinsipiële verdediging van hierdie stelling is diepgaande en bied baie stof tot nadenke insake die betekenis van teologie vir die samelewing. Die term "Publieke teologie" laat egter die vraag

ontstaan of dit nie 'n onnodige tautologie bevat nie. Die term impliseer ook dat daar teologie kan wees wat nie “publiek” is nie. Teologie is immers per definisie publiek, soos Calvyn al in Boek IV van sy *Institusie* aangedui het. Smit slaag nietemin daarin om die ou reformatoriese waarheid weer onder die soeklig te bring en dit is belangrik in 'n tyd waarin die Christelike lewe dikwels verval in vergeesteliking en die kerklike bediening in formalistiese verampteliking.

Die derde deel is getitel: “Selected issues in public theology – unity, reconciliation, justice”. Hierdie deel bevat baie aktuele artikels waarvan elke teoloog wat erns maak met die konkrete betekenis van die teologie, moet kennis neem. Sy sienings wat deurgaans goed in die Skrif en gereformeerde teologiese tradisie begrond is, is gedagteprikkelend en sal hopelik tot diepe nadenke by sistematiese teoloë en etici lei. 'n Treffer in hierdie deel is die artikel: “Confession – guilt – truth – and – forgiveness in the Christian tradition”. By die waardering hiervan sou 'n mens tog kon vra of sy stelling op p. 314 korrek is. Die stelling lui:

First forgiveness, then acknowledgement of guilt. This conviction is deeply rooted in the Calvinist tradition in particular: true self-knowledge, true consciousness of sin, true acknowledgement of guilt are the consequences, the fruit, of forgiveness and not the condition leading to forgiveness. It is not the law, accusations, and threats of judgement, but Christ's cross and his atoning death that lead to mortification, contrition and repentance on the part of Christians.

Wat hier gesê word, is waar van versoening; maar ten opsigte van vergifnis meen ek tog dat die Skrif skuldbesef, skuldbelydenis en verootmoediging as voorwaarde stel vir vergifnis en dat die vergifnis dan moontlik is op grond van die soenoffer van Christus. Elke daad van vergifnis word dan 'n sigbare teken van die versoening. Wanneer vergifnis té vanselfsprekend gesien word, word die gevaar groot van goedkoop vergifnis – hierteen waarsku byvoorbeeld Bonhoeffer en Jones. Myns insiens was een van die leemtes in die WVK-proses in Suid-Afrika die onderbeklemtoning van skuldbesef en skuldbelydenis en het dit dikwels tot oppervlakkige versoening en toesmeer van onreg gelei. Sy uiteensetting van “remembrance” en sy oproep tot “common memory” waarin kerke 'n groot rol kan speel, is 'n juweel en die saak behoort verder in die teologiese debat aan die orde te kom.

In die vierde deel handel Smit oor “Worship – and public theology” en hier dui hy ook aan hoe aanbidding en aanbiddingsvorme die lewenswêreld van mense kan binnedring en vorm. Hy lig die reformatoriese beginsel van roeping uit en wys op die broodnodige impak van die erediens en die gebed op die ganse lewe en op alle ander lewensterreine. ’n Saak wat nie helder in die artikels aan die lig kom nie, is die begrensing van die taak van kerke. Hy praat soms van die “Christelike Kerk” wat dit en dat kan en moet doen. Maar waar hou die taak van die geïnstitueerde kerk op en waar begin die taak van gelowiges in hulle koninkryksdiens op alle lewensterreine? Kuyper het die saak probeer omskryf met sy ekklesiologiese onderskeiding van “kerk as instituut” en “kerk as organisme”. Sy terminologie het intussen in onbruik geraak en gereformeerdes het later die rol van die geïnstitueerde kerk en die rol van die gelowiges vanuit die koninkryksperspektief beredeneer. Watter onderskeiding ’n mens ook al voorstaan, dit blyk myns insiens belangrik te wees dat die wese en rol van die geïnstitueerde kerk en die rol van die gelowiges in hulle diens en roeping op die publieke terrein onderskei moet word. Dit is goed en nodig dat die kerke op hulle publieke taak gewys moet word, maar wat word gesê aan byvoorbeeld die Christelike politikus, wetenskaplike en ekonoom oor hulle publieke rol as burgers van God se koninkryk in die samelewingsverbande? Gelowiges vra vandag na hulle plek in die “groot instituut” en leiding oor hulle publieke rol in die samelewing.

Die boek is sonder enige twyfel ’n groot bydrae tot die kontemporêre sistematies-teologiese wetenskapsbeoefening en Dirk Smit en die Fakulteit Teologie aan Stellenbosch kan daarmee gelukkig wens word. Die boek hoort op die boekrak van elke teoloog en predikant en ek sal dit met groot vrymoedigheid aanbeveel as teksboek vir studente in hierdie teologiese studieveld.

Tolmie, D.F., ed. 2007. Exploring new rhetorical approaches to Galatians. (Acta Theologica Supplementum 9.) Bloemfontein: University of the Free State. 173 p. ISSN: 1015-8758.

Resensent: G.J.C. Jordaan
Skool vir Bybelwetenskappe en Antieke Tale,
Potchefstroomkampus, Noordwes-Universiteit

Hierdie boek is 'n bundel van sewe artikels wat in Maart 2006 tydens 'n internasionale konferensie by die Universiteit van die Vrystaat as voordragte oor retoriese analise van die Galasiërbrief gelewer is. Die konferensie, en ook hierdie publikasie wat daaruit voortgekom het, kan in 'n sekere sin beskou word as 'n dieptepeiling van die huidige stand van retoriese teksanalise in die teologie nadat Betz dertig jaar gelede met sy ontleding van die Galasiërteks die bal aan die rol gesit het.

In sy inleidende artikel ("The rhetorical analysis of the letter to the Galatians: 1995-2005") gee Francois Tolmie 'n sistematiese oorsig oor die retories-analitiese publikasies wat in die dekade voorafgaande aan die konferensie ten opsigte van Galasiërs die lig gesien het. Hy toon aan dat retoriese teksontleders tans besig is om weg te beweeg van die tagtiger- en negentigerjare se neiging om Nuwe-Testamentiese tekste in die antieke retoriese sisteem in te forseer. Ontleders wat nog inligting uit die antieke retoriek gebruik, doen dit baie meer genuanseerd. Wat egter toenemend gebeur, is dat retoriese ontledings van die teks glad nie meer op die antieke retoriek gebaseer word nie. Die feit dat Galasiërs in die eerste plek 'n brief en nie 'n stuk retoriek is nie, begin in retoriese analise al hoe meer gewig dra. Dit lyk asof die fokus besig is om te verskuif van *hoe* Paulus dit sê na *wat* Paulus sê. Tolmie ondersteun self die gedagte dat retoriese analise meer in die apostel se boodskap as in sy retoriese strategieë moet belangstel.

Tolmie se uitgangspunt dat Paulus eerder met teologie as met retoriek besig is, word in die tweede artikel deur Johan Vos ("Paul and sophistic rhetoric") gekritiseer. Vos beskou Paulus as 'n "pneumatische sofis" wat volledig van die tegnieke van die sofistiese retoriek gebruik maak. Volgens hom verdedig Paulus in Galasiërs 3 tot 4 'n swak saak op so 'n manier dat dit na 'n goeie saak lyk. In dié proses het Paulus nie gehuiwer om van retoriese manipulasie gebruik te maak nie en het hy rasonale standaarde gehandhaaf net as dit hom kon help om sy argument te wen. Hierdie standpunt van Vos is in 'n sekere sin 'n illustrasie van die "ou retoriese skool" wat aan die verbygaan is.

In die derde artikel (“A structure of persuasion in Galatians: epistolary and rhetorical appeal in an aural setting”) fokus Dieter Mitternacht op strukturele elemente in die Galasiërbrief wat op ouditiewe vlak ’n oorredende effek op die hoorders sou hê. Met die oog hierop kombineer hy epistolêre en retoriese struktuurontledings. Hy identifiseer ’n aantal retoriese tegnieke en briefformules waardeur Paulus die hoorders, waarskynlik sonder dat hulle dit agterkom, tot oorreding voer. Tog gee hy toe dat die werklike oorreding nie deur strategieë bereik word nie maar deur die kernmededelings van die brief. Hiermee bied Mitternacht ’n verdere illustrasie van ’n meer getemperde retoriese benadering.

In die daaropvolgende artikel (“The argumentation in Galatians”) neem Mika Hietanen nog ’n tree verder weg van die klassieke retoriese benadering. Hietanen onderskei tussen argumentasie en retoriek. Wie primêr belangstel in hoe die argument aangebied word, moet ’n retoriese analise doen. Maar wie in die argument self belangstel, moet ’n argumentatiewe analise doen. Soms is daar ’n wedersydse verband tussen die twee, maar dikwels nie. Hietanen stel die oortuiging dat klassieke retoriese analise, soos deur Betz en ander nagevolg is, in elk geval nie vir ontleding van Bybelse tekste geskik is nie. Vir die argumentatiewe analise doen hy ’n “pragmadialektiese” metode aan die hand.

Sam Tsang (“‘Abba’ revisited: merging the horizons of history and rhetoric through the new rhetoric structure for metaphors”) verskuif die fokus van retoriese analise na metafoorstudie, met besondere klem op die historiese konteks waarbinne metafore gebruik is. Tsang gebruik die metaforiese model van die nuwe retoriek om die historiese konteks van die “Abba”-metafoer in Galasiërs 4:6 na te speur. Daaruit probeer hy die bedoeling en effek van die metafoer beskryf.

In die artikel “The implications of non-authentic questions in Galatians” neem Pieter Verster die beginsels van die spraakaktiwiteits-teorie in diens om die funksie van retoriese vrae in Paulus se retoriese strategie in Galasiërs te beskryf. In die laaste artikel (“Reconstructing rhetorical strategies from the text of Galatians – syntax-based discourse analysis as a monitoring device”) fokus Gerhard Swart op die raakpunte tussen ’n linguistiese en retoriese ontleding van Galasiërs. Swart se bevinding is dat diskoersanalise en retoriese analise van ’n teks aanvullend tot mekaar gebruik kan word, tot wedersydse ondersteuning en verifiëring.

Die groot winspunt van hierdie bundel is dat dit 'n bevestiging is van die groeiende weerstand teen vorige dekades se oormoedige en eensydige gebruik van die retoriese analise van Bybeltekste. Dit bied verskeie voorbeelde van alternatiewe maniere van teksontleding wat met retoriese analise gekombineer kan word ten einde aan die eensydigheid wat retoriese analise in die afgelope dekades gekenmerk het, te ontkom. Dit is veral insiggewend dat die bydraes in die bundel die aandag laat terugskuif na 'n teksimmanente benadering tot die verstaan van Bybeltekste. In geheel kan die boek sterk aanbeveel word vir elkeen wat met Bybelse hermeneutiek gemoeid is en daarin belangstel.

Renkema-Hoffman, Miranda. 2007. Naar een nuwe kerkenraad: een onderzoek naar de principiële uitgangspunten van een gereformeerde ambtsstructuur in de 21e eeuw.
Apeldoorn: Theologische Universiteit. (Apeldoornse studies, no. 48.)
84 p. Prys: €7,50. ISBN: 978-90-75847-20-8.

Resensent: A. le R. du Plooy
Skool vir Kerkwetenskappe, Potchefstroomkampus,
Noordwes-Universiteit

Hierdie publikasie is 'n verkorte weergawe van 'n doktorske skripsie vir die vak Kerkreg aan die Teologiese Universiteit van Apeldoorn.

Die boek handel hoofsaaklik oor die amp in 'n Christelike kerk, en wil graag krities kyk en nuut dink oor die ampstruktuur asook oor die effektiewe funksionering van die ampte in die gereformeerde kerke, veral in die Christelike Gereformeerde Kerk in Nederland.

Die eerste deel van die boek fokus agtereenvolgens op die volgende aspekte:

- Die Bybelse gegewens oor die gesag en bevoegdhede van die amp
- Die historiese ontwikkeling van die gereformeerde ampstruktuur

Daarna skenk die skryfster aandag aan drie kerklike modelle in die geledere van die CGK wat fokus op 'n meer effektiewe kerkenraadstruktuur en die funksionering van 'n gemeente in die lig daarvan. Hierdie meer praktiese gedeelte eindig met 'n eie model wat voorgelê word.

Dit is duidelik dat die boek veral gemotiveer is deur die skynbare ontevredenheid by heelwat kerke oor die funksionering van die ampte. Die uitgangspunt van die skryfster is dat die Bybel steeds as norm gebruik moet word wanneer krities na die saak van die funksionering van kerkrade gekyk word. Voorts ag sy dit belangrik om ook aan die geskiedenis van die funksionering van die ampte aandag te gee. Uit die publikasie blyk dat sterk gesteun word op die reformatoriese tradisie, veral die calvinistiese en Nederlandse gereformeerde tradisie.

Die oorsig oor die prinsipiële gedeelte is Skrifgetrou. Die relevante Skrifgedeeltes kom mooi aan die orde, en rigtinggewende afleidings word daaruit gemaak. Die bronne wat gebruik word is meestal deur bekende en erkende Nederlandse teoloë geskryf.

Die historiese oorsig is uiters beknopt en slegs die hooflyne word aangedui. Weereens is dit inhoudelik hoofsaaklik 'n weergawe van wat reeds in ander bronne daarvoor geskryf is, en weer word feitlik volledig op die Nederlandse geskiedenis gefokus.

In die praktiese deel waar aan die modelle aandag gegee word, word geldige kritiek uitgespreek oor die drie modelle wat onder oë geneem is. Die basis van die kritiek of die norm vir die beoordeling van die modelle is juis die Skrifgegewens wat in die eerste deel aan die orde was.

Daar kan met waardering kennis geneem word van hierdie studie. Dit sal vir enige leser wat in so 'n aktuele onderwerp geïnteresseerd is van waarde wees, en goeie leiding bied oor die gereformeerde denke daarvoor. Wat wel in die publikasie opval is dat die inhoud nie regtig reg laat geskied aan die onderwerp nie. Die titel laat die verwagting by die leser dat daar werklik veel meer as slegs die Nederlandse situasie en denke daarvoor aan die orde sou kom. Daar is inderdaad in die gereformeerde wêreld byvoorbeeld in die RSA, VSA, Skotland, Australië, om slegs enkeles te noem, veel daarvoor gepubliseer. Die gereformeerde teologie kan en behoort ook kennis te neem van wat in ander tradisies daarvoor verskyn, maar hiervan kom egter weinig tereg in die publikasie.

'n Verdere punt van kritiek is dat daar nie genoegsaam aan die spesifieke kerkordelike bepalings aandag gegee is soos wat dit veral in die DKO na vore kom nie; ook nie aan formulerings van ander gereformeerde kerkordes wat daaruit en in die lig daarvan ontstaan het nie. Die eie model waarmee die studie afsluit, is eintlik al reeds by heelwat ander gereformeerde kerke in die wêreld in geheel of ge-

deeltelik ontwikkel. Daarvan is nie kennis geneem nie; altans geen blyke is daarvan gegee nie.

Die publikasie slaag egter goed daarin om die probleem aan die orde te stel, en kan aanbeveel word.

Cilliers, Johan. 2007. Binne die kring-dans van die kuns: die betekenis van estetika vir die gereformeerde liturgie.

Stellenbosch: Sun Press. 172 p. Prys: R175,00.

ISBN: 978-1-920109-20-2.

Resensent: E.J. Smit

Gereformeerde Kerk Vanderbijlpark-Suid

Hierdie boek, wat die resultaat is van drie maande navorsingsverlof wat Johan Cilliers by die Katolieke Universiteit Leuven (KUL) in België deurgebring het, kan aanbeveel word by elkeen wat ernstig is oor en belangstel in vernuwing en verdieping in die liturgie. Dit handel oor die rol van kuns, oftewel estetika, in die religieuse belewenis van die mens, in besonder soos dit in die (gereformeerde) liturgie uitgedruk word.

Die navorsingsvraag wat Cilliers vir die studie gebruik het, is: *Watter prinsipiële belang hou estetika, en dus ook kuns, vir die gereformeerde liturgie in? As sentrale uitgangspunt werk hy met die gedagte dat estetika nie noodwendig teen gereformeerde beginsels ingaan nie – ook nie in liturgiese verband nie.*

Nadenke oor die estetika in die liturgie weens verskeie faktore, waaronder veral die negatiewe siening jeens kuns in die erediens in die gereformeerde tradisie, staan nog in sy kinderskoene. Tog toon Cilliers tereg aan dat daar tog 'n besondere en selfs onmisbare plek en funksie aan die estetika in die liturgie toegeken kan word. Hy pleit vir 'n herontdekking van die estetika en die potensiaal van die kunste vir die kerk en die liturgie. Volgens hom moet kuns nie bloot as addendum by of illustrasie vir die teologie dien nie, maar op sigself voluit as *locus theologicus* beskou en hanteer word. Kuns is 'n kragtige gawe van God waarmee sin gegee kan word aan die konteks van die werklikheid waarbinne die mens vandag leef. Deur middel van kuns in die erediens kan die sin in die syn opnuut ontdek word.

God is kreatief – dit is duidelik sigbaar in die skepping. In sy Woord gebruik Hy 'n groot aantal kreatiewe beelde om Homself te openbaar. In die hedendaagse Westerse kultuur val die klem toenemend

op uitbeelding deur middel van allerhande beelde en die *kultuur van die boek* word al meer vervang deur die *kultuur van die beeld*. Om die ontmoeting van die kreatiewe God met sy verbondsvolk te vergestalt, kan die gebruik van allerlei uitbeeldings, volgens Cilliers, die erediens grootliks verryk en verdiep.

Die beeld wat Cilliers in sy boek gebruik om God mee te vergestalt, is dié van 'n spelende, dansende, feesvierende God, wat deurentyd besig is om sy diepste vreugde oor sy skepping en die herskepping daarvan (in en deur Jesus Christus) uit te druk. In ons ontmoeting met Hom in die erediens, nooi Hy ons met uitgestrekte arms uit en voer Hy ons mee om saam met Hom hierdie vreugdedans te dans. Op hierdie manier is die liturgie nie soos 'n gimnasium waar dissipline en ontwikkeling die hoogste doel is nie, maar eerder soos 'n woud, waar die spel, die drama (met sowel lag as huil) voluit beleef kan word en waar die sin en die viering van God se teenwoordigheid voorop staan. In die liturgie word die mens deur God uitgenooi om spelend en mede-skeppend saam met Hom besig te wees. Dit is juis hierin waar die estetika, volgens Cilliers, 'n besondere funksie het.

Wie liturg wil wees, kan volgens Cilliers nie maar bloot 'n kenner wil wees van erediensvolgordes nie, maar moet 'n danser wees – saam met God. Daarom kom hy tot die gevolgtrekking dat die gereformeerde erediens waarskynlik te min gestalte gee aan wat hy noem “die religieuse dans saam met God”. Van die feesviering saam met God, waarmee die kerk hom moet besig hou, kom volgens hom te min in ons gereformeerde erediens tereg, omdat ons te min (fisies en geestelik) dans. Ons onvermoë om só saam te speel, skryf hy toe aan ons ongeloof in die werking van die Heilige Gees. Volgens hom vertrou ons nie die Gees om aan ons die nuwe en ongekende geheimenisse van God te openbaar nie. Te dikwels is ons gereformeerde erediens eerder tekenend van “spelbrekers” wat teen die bedoeling van die spelende God ingaan. Dit kan waarskynlik beskou word as een van die redes waarom ons preke en liturgieë so vervelig beleef word. In die herlewing van die gereformeerde “dans saam met God” is dit van groot belang dat die kerk die waarde en gawe van estetika opnuut ontdek.

Estetika is volgens Cilliers een van die wyses van singewing, of ont-syferingsmetodes, waardeur die ontmoetingsgestaltes van die verlossing in Christus, die saamdans met die kreatiewe, liefdevolle God van die heelal vertolk kan word. Hy identifiseer vier konsepte wat in die begrip estetika ingesluit word: *observasie*, *interpretasie*, *antisipasie* en *transformasie*.

Observasie het daarmee te doen dat al die sintuie van die mens ingespan word om God te ontdek in 'n lewe wat vol is van sowel die mooie as die afgrylike. Veral kunstenaars het die gawe om dit kragtig uit te beeld.

Interpretasie het daarmee te doen dat nuwe verbande deur kreatiewe uitbeelding gelê word. In ons soeke na die waarheid is dit nodig om juis ook van die kunste gebruik te maak, wat by uitstek daarop gerig is om die sintuie van die mens kreatief in te span in die omgang met die werklikheid. Volgens Cilliers is dit nodig om los te kom van 'n klem op die kognitiewe en die ouditiewe eensydighede, asook vasgelegde en voorspelbare formules in die erediens. 'n Nuwe ontmoeting met God is moontlik wanneer kreatiewe verbeelding daartoe lei dat sy volk meer metafories, narratief, spelend en dansend besig is in die erediens.

Deur antisipasie word 'n bepaalde werklikheid geantisipeer en as 't ware deur die kunswerk nadergeroep. Kuns help, meer as wat woorde kan, om die broosheid van ons menslike bestaan te belig, tesame met die hoop wat ons as gelowiges het. Dit help ons om die noodsaak asook die haalbaarheid van transformasie raak te sien, deur God as die teenwoordige Afwesige uit te beeld.

Transformasie is die gevolg van die voorafgaande. Dit bring die saamdansende volk van God tot daadwerklike aksie en diens. Dit werk 'n nuwe etiek in die hand waar die mooie gevier en die lelike getransformeer word.

As samevatting maak Cilliers die volgende slotstellings:

- Estetika bevestig die beeldmatigheid van God se openbaring
- Estetika herinner aan die beeldmatigheid van ons waarneming
- Estetika vind aansluiting by die beeldmatigheid van die Woord van God
- Estetika onderstreep die belang van beeldmatige prediking
- Estetika bied 'n prinsipiële struktuur aan vir 'n beeldmatige liturgie waarvoor ons onbepaalde voorraad in die wêreld van die kuns het

Johan Cilliers is bekend daarvoor dat hy krities en nuut dink, sonder om buite die grense van die gereformeerde teologie te wil beweeg.

In hierdie navorsing kom dit ook duidelik na vore. Hy slaag nie net daarin om die leser te oortuig nie, maar ook om hom/haar saam te neem op 'n ontdekkingsstog waar die kunste en die waarde daarvan vir die kerk en liturgie duidelik na vore kom. 'n Groot pluspunt is die aantal skilderye en kunswerke wat ter illustrasie van sekere beginsels in die boek afgebeeld word. Dit maak die enigsens filosofiese uiteensetting heelwat duideliker vir enige gemiddelde leser.

'n Besinning oor estetika en die liturgie staan inderdaad nog in sy kinderskoene. Tog blyk dit uit nuwe ontwikkelings op die terrein van die gereformeerde liturgie dat daar 'n groeiende behoefte is om meer van die kunste deel te maak van die eredienste van die kerk. Veral in die lig van die eenwording van die tradisioneel Westerse- en Afrikakomponente van die gereformeerde kerke en kerkverbande in Suid-Afrika. In die lig van die feit dat kreatiewe uitbeelding deur middel van die kunste in die Afrikakultuur dikwels groter klem kry as in die Westerse kultuur, is hierdie boek van Cilliers uiters waardevol. Hy is waarskynlik reg wanneer hy beweer dat die Afrikaanse gereformeerde kerke gans te ernstig, te verbete op soek is na die waarheid – en die hartklop van die liturgie dikwels misverstaan – juis omdat die krag en funksie van die kunste nie na behore in die eredienste na vore kom nie.

Mashau, T.D. 2006. Unlocking the mystery of marriage: issues in premarital counselling. Potchefstroom: Potchefstroom Theological Publications. 104 p. Prys: R90,00.
ISBN: 0-86955-168-X.

Resensent: S. van der Merwe
Potchefstroomkampus, Noordwes-Universiteit

Hierdie boek behandel die Bybelse beginsels vir die huwelik en die voorregte wat getroudes geniet. Die boek fokus verder op die taak van die huweliksberader vir voorhuwelikse berading met toespitsing op die problematiek in die Afrikakonteks. Dit gee aan enige predikant al die sake wat hanteer moet word vanuit 'n Bybelse perspektief om die paartjie voor te berei vir die huwelik. Die boek sou met groot vrug in voorhuwelikse berading deurgewerk kan word. Die boek is egter op so 'n wyse geskryf dat dit ook deur enige voornemende paartjie op hulle eie gelees kan word. Mashau dui telkens die problematiek wat eie aan die Afrikakonteks is aan en gee die Bybelse antwoord daarop. Dit verhoog die waarde van die publikasie.

Die boek behandel die noodsaak van voorhuwelikse berading sodat die paartjie toegerus kan wees om 'n gelukkige huwelikspad te bewandel onder die seënende hand van die Here. Dit gee 'n Bybelse verantwoording oor die huwelik. Die skrywer gee aandag aan verskillende motiewe waarom mense trou, en gee dan raad wanneer verkeerde motiewe die dryfveer is. Hy toon telkens aan wat die negatiewe gevolge is wanneer 'n paartjie aan die Woord ongehoorsaam is.

Die skrywer gee uitvoerig aandag aan die noodsaak daarvan dat man en vrou hulle ouers moet verlaat en 'n eie tuiste skep. Mashau bespreek die verpligting om mekaar aan te kleef en één te wees en bespreek die problematiek hiervan in die Afrikakonteks. Hy wys ondubbelsinnig voorhuwelikse seks af, asook die gebruik om saam te woon en wys op al die probleme wat hieruit voortspruit. Die verantwoordelikhede van man en vrou word bespreek asook die tradisionele rol van die man as broodwinner en die vrou as tuisteskepper. Hy bespreek wel die huidige situasie waar sowel die man as die vrou 'n loopbaan volg, maar 'n meer diepgaande bespreking sou kon waarde toevoeg aan die boek, veral om die probleem te hanteer wanneer die vrou se inkomste heelwat meer is as die man s'n. In die Afrikakonteks skep so 'n situasie 'n groot moontlikheid vir konflik wanneer dit nie met liefde en deernis hanteer word nie.

Die boek verskaf ook riglyne vir die hantering van konflik in die huwelik en onderstreep die belang van goeie en eerlike kommunikasie. Elkeen moet bereid wees om homself vir die ander te gee en alles met sy lewensmaat te deel. Mashau meld dat dit wenslik is dat die man naby sy gesin moet werk, maar bespreek nie werklik die probleem wanneer dit nie moontlik is nie, of wanneer die vrou op 'n ander dorp 'n loopbaan volg nie.

Kinders in 'n huwelik is 'n groot saak in die Afrikakonteks. Die skrywer behandel dit met deernis en wys telkens daarop dat onvrugbaarheid nie die straf of oordeel van God is nie. Hy moedig paartjies aan om dit met mekaar te bespreek en wys die gebruik af waar kinders eers buite die huwelik verwek moet word om aan te toon dat die paartjie wél kinders kan kry.

Die skrywer beklemtoon die noodsaaklikheid daarvan dat die gelowige man en vrou gesamentlik tot God moet bid en gesamentlik die Woord moet bestudeer. Dit is 'n band wat die huwelik gesond hou en rigting gee. Finansies ontvang aandag sowel as die voorbereidings vir die huwelikseremonie. Die laaste hoofstuk handel oor

die belangrikheid om mekaar elke dag die hof te maak en mekaar so op te bou dat God in die huwelik verheerlik word.

Die aanslag van die boek is prakties en dit verskaf duidelike Bybelse riglyne. Dit hanteer die problematiek binne die Afrikakonteks en sal vir almal van waarde wees: die voornemende egpaar sowel as ou getroudes. Dit hinder tog dat die skrywer telkens die paartjie aanmoedig om 'n probleem te behandel of te voorkom, sonder dat al die faktore wat in die pad staan van 'n Bybelse oplossing diepgaande behandel word. Hy beveel aan dat die huwelik binne gemeenskap van goedere moet plaasvind, sonder om die voor- en nadele in die moderne ekonomie te bespreek. Hy gee oplossing vir die probleem van "verlating van vader en moeder" in die Afrikakonteks, sonder om die kern van die saak te ontrafel (p. 27). Hy kon meer aandag gegee het aan die hele problematiek van "lobola", veral waar dit in 'n "kooptransaksie" verword het wat die menswaardigheid van die vrou aantast en die huwelik as goddelike instelling afbreek. Hy hanteer ook nie die weiering binne die Afrikakonteks, selfs deur gelowige ouers, om die saak Bybels te hanteer nie.

Mashau bespreek die saak dat die man sy vrou belangrik moet ag in teenstelling met die Afrikakultuur wat haar as 'n seksobjek of ondergeskikte sien, met die man as tiran. Dit is baie waardevol, veral in die Afrikakonteks. Sy oplossing hiervoor is dat Christus eerste moet kom in die man se lewe, en daarna sy vrou (p. 53). Dit sou waarde toegevoeg het indien hy aangetoon het dat Christus koning is oor die gelowige se hele lewe, en daarom moet hulle mekaar liefhê. Die liefde vir mekaar moet gebind wees aan gehoorsaamheid aan Christus as Koning.

Soms hinder die herhaling van sekere sake, maar soms dien dit tog tot versterking.

Ek kan die boek van harte aanbeveel vir alle huweliksberaders en wens dat elke predikant en elke kerk erns wil maak met die voorbereiding van jongmense vir die heilige huwelik soos dit deur God ingestel is. Hierdie boek is voorwaar 'n hulpmiddel daarvoor en 'n publikasie wat direk die Afrikaproblematiek raak. Ek sou wou dat hierdie boek verpligte leesstof gemaak word vir elke voornemende bruid en bruidegom. Alvorens ons nie die huwelik in ere herstel nie, sal die morele waardes en gehoorsaamheid aan God ook nie in ons land toeneem nie. Dít probeer die skrywer met alle erns doen.

Potgieter, Jorrie. 2007. Homoseksualiteit: 'n Skrifgefundeerde perspektief. Vereeniging: Christelike Uitgewersmaatskappy. 195 p. Prys: R69,95. ISBN: 1-77000-400-9.

Resensent: J.J. Janse van Rensburg
Skool vir Bybelwetenskappe en Antieke Tale,
Potchefstroomkampus, Noordwes-Universiteit

Hierdie publikasie van Jorrie Potgieter is tydig, te midde van die breë debat oor homoseksualiteit, veral binne die geledere van die NG-Kerk. Dit is duidelik dat Potgieter goed ingegrawe is op die onderwerp – iets wat te verwagte is, omdat sy 2006-proefskrif oor dieselfde onderwerp gehandel het: “'n Nuwe-Testamentiese studie in hermeneutiek: die homoseksualiteitsdebat in die Nederduitse Gereformeerde Kerk (1986-2004)”. Hierdie boek is 'n geslaagde popularisering van sy akademiese werk.

Die boek word in drie groter hoofdele aangebied.

- Deel een het die opskrif “Wat is op die tafel” (p. 17-43). Potgieter behandel agtereenvolgens hoe die gaydebat ontwikkel het, waaroor dit gaan, en vra die vraag of God mense as *gay* skeep. Hy gee ook 'n uiteensetting van die begrip “homoseksuele oriëntasie”.
- Die tweede hoofdeel gaan oor “Die Bybel en homoseksuele verhoudings en huwelike” (p. 44-157). Eers gee Potgieter 'n uiteensetting van hoe die Bybel in die gaydebat gebruik word. Hy evalueer die gebruik, en argumenteer dat die Bybel die verbod op gayhuwelike duidelik leer. Hy bepleit egter dat die Bybel ook op 'n positiewe wyse in die gaydebat gebruik moet word. Hy gee 'n uiteensetting van sy verstaan van wat die Bybel oor seksualiteit en die huwelik leer, en wys watter implikasie dit het vir die poging om gayverhoudings en -huwelike Bybels te regverdig. Verder argumenteer hy (m.i. oortuigend) dat die gewilde stelling dat die skrywers van die Bybel nie vandag se tipe homoseksuele verhoudings wat permanent is en in liefde en troue geskied, geken het nie, van alle waarheid ontbloot is.

Hy stel vervolgens die belangrikste Bybelgedeeltes aan die woord. Die Ou Testament kom aan die orde, asook Jesus se afwysing van homoseksuele verhoudings. Ten opsigte van Romeine 1 slaag Potgieter daarin om te wys dat die argument dat Paulus net homoseksuele tempelprostitusie of homoseksuele losbandigheid afgewys het, die Bybel verdraai sodat dit die standpunt van die voorstanders van gayverhoudings pas. Ten opsigte

van 1 Korintiërs 6:9 wys Potgieter daarop dat Paulus inderdaad kennis gedra het van manlike en vroulike homoseksuele verhoudings van liefde en trou. Potgieter behandel ook 1 Timoteus 1:10, en wys dat Timoteus, soos sy leermeester Paulus, homoseksuele verhoudings duidelik afwys as teen die leer van die Bybel.

Potgieter sluit die tweede hoofdeel van die boek af deur duidelik en ondubbelsinnig sy gevolgtrekking te formuleer: die Bybel verbied homoseksuele verhoudings, ook vir vandag.

- Die derde (en laaste) hoofdeel van die boek handel oor hoe Christene gay medegelowiges moet hanteer (p. 158-165). Potgieter erken dat daar gaypersone is wat die Here liefhet, en dat sulke mense 'n integrale deel van die kerk vorm. Daarom pleit hy vir (en gee ook riglyne daartoe) 'n pastoraat aan die gaypersoon. Hy beklemtoon die noodsaak van 'n opregte verhouding van integriteit met en onvoorwaardelike aanvaarding van gaypersone. Die gaypersoon moet weet dat hy/sy, ongeag seksuele oriëntasie, as deel van die geloofsgemeenskap aanvaar word. Vanuit só 'n verhouding van Christelike liefde en aanvaarding moet verduidelik word dat dit nie moontlik is om te sê dat die uitleef van homoseksuele verhoudings en homoseksuele huwelike in ooreenstemming met die leer van die Skrif is nie.

Die boek bevat 'n bronnelys (p. 169-195) wat veel meer omvattend is as wat vir die doeleindes van dié publikasie nodig is. Dit bied egter 'n waardevolle skat van bronne vir persone wat self 'n diepgaande studie oor die onderwerp sou wou maak.

Tegnies is die boek keurig versorg, soos wat tipies die geval is met CUM se publikasies. Slegs twee lastighede het opgeval: op p. 18 word na homoseksualiteit verwys as 'n "afwysende" vorm van seksualiteit. Waarskynlik word bedoel 'n "afwykende" vorm van seksualiteit; op p. 142-146 was dit nodig om enkele Griekse woorde en frases te gebruik; die diakritiese tekens is egter onvolledig, en enkele tik-/spelfoute kom in die Grieks voor.

Dié boek word egter sterk aanbeveel. Die subtitel van die boek is "'n Skrifgefundeerde perspektief", en só sal elke lidmaat van 'n gereformeerde kerk dit ervaar.

'n Groot wins van die boek is dat Potgieter nie kortpad vat nie, maar eers Skrifbeskoulige en hermeneutiese vertrekpunte stel en dan die verskillende tersaaklike Skrifdele deeglik behandel. 'n Verdere wins-

punt is dat hy erns maak met die huidige tydsgees en met die standpunte vanuit natuur- en geesteswetenskaplike kringe, sonder om toe te laat dat dit die Skrif oorwoeker, en die Skrif se duidelike “nee” tot ’n “ja” omgetoor word.

Die belangrikste is dat alhoewel die boek op goeie diepgaande navorsing gebaseer is, Potgieter moeite doen om gemaklik te kommunikeer en om teologiese hoogdrawendheid te vermy. Die spreekwoordelike “gewone lidmaat” sal met hierdie boek agteroor kan sit, die Bybel kan nadertrek, en saam met Potgieter deur die bladsye van die boek kan loop.

Joubert, Stephan, red. 2007. Die perfekte storm: hoe die gelowige van vandag die wêreld van môre kan oorleef.
Vereeniging: Christelike Uitgewersmaatskappy. 225 p. Prys: R89,95.
ISBN: 978-1-77000-439-9.

Resensent: F.P. Kruger
Gereformeerde Kerk Alberton-Wes

Sedert 1994 is baie navorsing gedoen oor die rol van die kerk in ’n veranderende wêreld. In die onderskeie selfstandige studievervelde in die teologie is navorsing gedoen oor hoe daar binne die kontoere van die studievervelde met die werklikheid van verandering gehandel moet word. Intense debatte is ook gevoer oor die verskynsel van postmodernisme en hoe dit veral die hedendaagse siening van kerkwees raak. ’n Boek waarin die skrywers egter vanuit die hoek van die breë spektrum van die studievervelde van die teologie oor verandering handel, verskyn nie gereeld op die boekrak nie.

Waaroor handel hierdie boek? Die sentrale teoretiese argument is dat die kerk tans in ’n storm is wat nie vermy kan word nie en dat erns gemaak moet word om relevant te bly. Die aktuele nood van misdaad, werkloosheid, VIGS, regstellende aksie en kerkvervreemding is enkele van die brandpunte wat bespreek word. Die negentigerjare word as keerpunt aangetoon van ’n groot kultuurskok wat ook die kerk in Suid-Afrika getref het. Die kerk, eens beskerm deur ’n sambreel van veiligheid, word skielik in ’n stormwind ingesleep. Die kerk word meer as ooit vantevore gekonfronteer deur die vraag of daar wel iets soos die tydlose waarheid van die Bybel bestaan.

Hierdie omvattende boek bestaan uit elf hoofstukke, geskryf deur verskillende outeurs. In Hoofstuk 1 word gehandel oor die opdrag om die perfekte storm, te storm. Die drie globale storms van die postmodernisme, die post-Christendom asook aardverwarming, word as faktore beskryf wat groot bedreigings vir die kerk inhou. In Hoofstuk 2 word aangetoon dat kerke in die storm moet leer om aan te pas. Verandering word dikwels as 'n bedreiging beskou, terwyl dit juis as 'n uitdaging moet dien. Kerke wil in tye van verandering graag laertrek, juis om die vreemde gedagtes en invloede buite te hou. In Hoofstuk 3 word koersaanduidings verskaf. Dit behels dat gelowiges moet besef Wie die regte Stuurman is, naamlik Jesus Christus. Die kerk moet die regte visie droom en die regte missie onderhou met die liefde as kompas.

In Hoofstuk 4 word oor die God-nood en Jesus Christus se stormlopers gehandel. In hierdie hoofstuk word die saak van demografiese verskuiwings, veral in die middestadopset onder oë geneem. Die ironie word bespreek dat gemeentes in die stad kwyn, terwyl die middestad ontplof as gevolg van derduisende nuwe inwoners. Hoofstuk 5 handel oor “die leierskap” in die kerk. Die identiteit van predikante en lidmate in die besondere dienste word aan die hand van metafore bespreek. Teenoor die gedagte dat leiers dikwels soos sirkusmeesters optree, staan die ideaal dat hulle eerder soos sweefstokartieste moet optree. Volgens die praktykteoretiese benadering moet leiers drumpels oorsteek in plaas daarvan om voor die drumpels te wil vassteek. In Hoofstuk 6 word die profiel van ervare seevaarders in die storm beskryf. Om in kalm water die skip te stuur is een saak, maar om dit in 'n storm te doen, is heeltemal 'n ander saak. Die verskynsel van kerkverlating, veral onder jongmense, word onder die vergrootglas geplaas. In Hoofstuk 7 word die tema van jeugbediening aan die orde gestel. Jongmense is propvol energie en die vinnige wêreld is iets waarvan hulle baie hou. Vriendelikheid en vrolikheid is fokuspunte vir jongmense. Boonop wil jongmense baie graag 'n verskil maak.

In Hoofstuk 8 word praktykteoretiese perspektiewe rondom gemeentebou aan die orde gestel. In hierdie hoofstuk word gehandel oor die feit dat die perfekte storm troebel motiewe na die oppervlak laat kolk. Dit raak veral die motiewe rondom die begrip van die gemeenskap van die gelowiges. Die implikasie verbonde aan die groepsbenadering asook die kleingroepstelsel word onder die vergrootglas geplaas. In Hoofstuk 9 word 'n diepgaande bespreking geloods wat veral die praktiese teologie, die etiek en missiologie ten nouste raak. Dié hoofstuk handel oor die tema “vasgevang tussen die Gees en

wêreldkultuur". Kultuurveranderings ondermyn die soliede kultuur wat vir lank bestaan het. In die proses staan die kerk egter nie oorgelewer nie. Die Heilige Gees is in die storm.

In Hoofstuk 10 word verhale uit Afrika vertel as tekens van hoop dat die storms wel getroef kan word. Indien kommunikasie vooropgestel word, is daar een taal wat deur alle mense begryp word, naamlik die taal van diens. Die laaste hoofstuk handel in die besonder oor formules vir die ontluikende kerk midde-in die storm. Hierdie besinning sal veral deur persone met 'n belangstelling in die missiologie en gemeentebou baie prikkelend gevind word. Aandag word gegee aan die bedieningstyl van kerke in die 21e eeu. Die outeurs toon aan dat die een-styl-pas-almal-kerk nie in die 21e eeu gewild sal wees nie. Die ontluikende kerk van die 21e eeu sal volgens die outeur van die hoofstuk verskillende gestaltes aanneem, met 'n klem op huisgemeentes en veelvuldige vergaderplekke.

Die boek is geskryf in 'n populêr-wetenskaplike styl. *Die perfekte storm* kan van harte aanbeveel word vir predikante en ook gemeentes wat erns maak met sinvolle strategiese beplanning. Verder kan die boek baie nuttig wees in gemeentes waar 'n worsteling bestaan oor die eise wat die verandering aan kerke in die hedendaagse konteks stel. Die waarde van die boek lê veral daarin opgesluit dat praktykteoretiese perspektiewe gebied word. Dit is baie nuttig dat 'n uitgebreide bronnelys verskaf word wat die wetenskaplike waarde van die boek verhoog.

Indien enkele punte van kritiese beoordeling genoem moet word, is dit veral dat die verband tussen die hoofstukke nie altyd duidelik is nie, dalk vanweë die feit dat plaaslike sowel as internasionale outeurs meegewerk het aan die publikasie. Die hoofstukindeling en logiese bou kon moontlik anders gerangskik word om logies op mekaar te volg. Die kritiese leser kan dit moontlik hinderlik vind dat die wisselwerking tussen die basisteoretiese besinning en praktykteoretiese besinning soms gefragmenteerd geskied. Ten spyte van hierdie paar punte van kritiek, bevat die boek insiggewende perspektiewe wat diepgaande bespreking en besinning oor die roeping van die kerk in veranderende tye sal bevorder.

Vos, Cas & Human, D., reds. 2007. **Liefde is die grootste: oor erotiek en seksualiteit.** Pretoria: Protea Boekhuis. 434 p.
Prys: R145,00. ISBN: 978-1-86919-160-3.

Resensent: P.H. Botha
Fakulteit Teologie, Potchefstroomkampus,
Noordwes-Universiteit

Hierdie versameling neem die tema *liefde* onder bespreking. Liefde, nader beskryf as erotiek en seksualiteit, word bespreek vanuit die teologie, etiek, filosofie, letterkunde, poësie, regte en fisiologie. Die 27 outeurs bied 'n *smorgasbord* van objektiewe navorsingsresultate, eie opinies, subjektiewe interpretasies en standhoudende waarhede oor die liefde aan die leser – meer spesifiek erotiese liefde. Die veronderstelde leser word uitgedaag deur die versamelde werke om 'n eie opinie te vorm. Ongelukkig word 'n taamlike eensydige siening oor erotiek en seksualiteit aangebied wat eintlik die leser slegs laat met 'n konfrontasie tussen die eie oortuiging en die boek se oorhoofse konsensus oor erotiek en seksualiteit. Dit is 'n leemte dat daar nie artikels in die boek is wat daadwerklik ook gemotiveerd 'n ander standpunt na vore bring nie. Die realiteit van die lewe rondom ons voorveronderstel 'n wyer spektrum van opinies oor die *liefde* as dié wat in hierdie boek gevind word. Hiervan is die TV, koerante, tydskrifte, gesprekforums op internet en radioprogramme daaglik voldoende getuieis.

Die onderskeie artikels in die versameling handhaaf deurgaans 'n goeie letterkundige standaard en interaksie met die leser is in die algemeen gemaklik. Die meriete van die boek is egter nie voor die hand liggend nie, aangesien die verskillende invalshoeke op die tema uiteindelik 'n werk daarstel wat nie vanselfsprekend in almal se smaak sal val nie. Sommige van die artikels se aanhalings van gedigte en dele van gedigte en ander literêre werke is seksueel eksplisiet en banaal en daardeur word die veronderstelde leserskring noodwendig beperk. Dit is daarom nie 'n boek wat vrymoedig by almal aanbeveel kan word nie. Dit is jammer, aangesien die debat in die kerk oor seksualiteit, veral ook homoseksualiteit mank gaan aan goeie en vry algemeen toeganklike bronne met betroubare inligting.

Die veronderstelde leser is die algemene leserspubliek. Dié word hartlik uitgenooi na die “maaltyd” van artikels deur die boek ter ete voorgesit. Na my mening is dit ietwat opportunisties gesien in die lig van die implisiete veronderstelling dat die eters in die algemeen volwasse genoeg is om die disse te verteer. Daar is uitstekende

artikels in die boek wat die algemene leserspubliek behoort te lees, maar die totale versameling artikels in die boek maak die blanko aanbeveling daarvan onmoontlik. Die nut van die boek is, wat my betref, dus beperk tot 'n heelwat kleiner leserskring as wat deur die outeurs veronderstel word.

Die uitgangspunte van die versamelde werk adem die soeke na 'n vernuwende kyk na, of te wel, 'n nuwe verstaan van liefde (erotiek en seksualiteit) veral in die kerk. Die vraag of “ons as sarkofobiese of sarkofiliese mense voor God leef” verwoord hierdie vernuwende waardering van die liefde. Die antwoord op die vraag is egter nie so eenvoudig of eenduidig nie. Kan die teologie, etiek, filosofie, letterkunde, poësie, regte en fisiologie daadwerklik so samestemmend wees terwyl hulle vertrekpunte wesenlik verskil? Ek dink nie so nie. Hinderlike momente in die artikels sluit onder andere in dat homoseks 'n algemeen aanvaarde seksuele praktyk in die antieke tydperk was, die stereotipering van die sogenaamde fundamentele Christen, die aanname as feit dat Kinsey bevind het dat 10% van die Amerikaanse bevolking gay is en dat die mens se universele verskyning binne die evolusie kalender 100 600 000 jaar gelede in die een artikel, of 6 000 000 jaar gelede in 'n ander artikel was. Positiewe momente in die boek sluit gedeeltes in onder die afdelings “Bybelse perspektiewe” en “Antieke wêreld”. In hierdie gedeeltes word daadwerklik besin oor die Bybelse siening oor seks, seksualiteit, homoseksualiteit, erotiek en helaas, ook die liefde. Argumente word gerugsteun deur gemotiveerde navorsing wat broodnodig is vir die leser “wie sy/haar denke en besluite op inligting wil baseer”.

'n Laaste opmerking: dit is jammer dat hierdie versameling artikels nie 'n groter worsteling met die Woord en die God van die Woord weergee nie.

Wessels, Francois. 2006. *Wie was Jesus regtig? Oor die historiese Jesus*. Wellington: Lux Verbi.BM. 314 p. Prys: R99,95. ISBN: 978 07963 0430 8.

Resensent: F.P. Viljoen
 Nuwe Testament,
 Skool vir Bybelwetenskappe en Antieke Tale,
 Potchefstroomkampus, Noordwes-Universiteit

Francois Wessels begeef hom met hierdie publikasie op die moeilike navorsingsterrein van die historiese Jesus – ’n akademiese vraagstuk met talle tentakels. Op ’n simpatieke en deursigtige manier bespreek en evalueer hy hierdie navorsingsterrein in sy historiese en teologiese ontwikkeling. Die argumente word in ’n vorm aangebied wat akademiese en godsdienstige gesprekke oor die historiese Jesus stimuleer en wegstuur van ondeurdagte en emosionele uitsprake. Die publikasie is populêr-wetenskaplik – toeganklik ook vir die nie-teoloog, hoewel dit nie ligte leesstof is nie. Wessels bied ’n kompakte oorsig oor die ontstaan en ontwikkeling van die mees prominente benaderings oor die historiese Jesus.

Die term “historiese Jesus” is in die 19e eeu gemunt in ’n poging om ’n Jesus, gestroop van die lae kerlike inkleding en leerstellings, deur vasstaande historiese wetenskap te herontdek. Jesus moes bevry word van kerklike leer en dogma, om Hom soos Hy histories werklik was uit beskikbare bronne te distilleer. Wessels bespreek die verskillende Romeinse en Joodse bronne wat gewoonlik gebruik word vir hierdie historiese ondersoek en beredeneer op ’n verantwoordelike manier die unieke plek van die vier kanonieke Evangelies te midde van Tomas, Q en nog ander evangelies. Hy evalueer die algemene kriteria wat gebruik word om vas te stel watter woorde en dade wat in die kanonieke Evangelies beskryf is wel aanwysbaar afkomstig is van die historiese Jesus. Wessels tree simpatiek-krities in debat met prominente teoloë en hulle karakterisering van Jesus, byvoorbeeld as die “alternatiewe filosoof” (volgens Crossan), “’n profeet van sosiale verandering” (Borg), “’n geesdrywer of sjamaan” (Craffert), “die profeet van Sofia, of God se Sofia” (Schüssler Fiorenza), “die kind van ’n enkelma en randfiguur” (Van Aarde), “die charismatiese hasidiese rabbi uit Galilea” (Vermes), “die radikale Joodse hervormer, opstoker, profeet” (Sanders & Horsley), “wysheidsleraar – ‘sage’” (Witherington III) en kom tot die sprekende gevolgtrekking dat die historiese Jesus wat deur die verskillende benaderings gekonstrueer word, dikwels meer sê van die teoloog en sy/haar ideologiese benadering as van Jesus self. Wessels onder-

soek die vraag of Jesus Homself as die Messias beskou het en bespreek die argumente van De Jonge wat Jesus as die Dienaar-Messias beskou het, en van Dunn dat die enigste toegang wat ons tot die historiese Jesus het die neerslag is van die herinneringe van sy volgelinge en Dunn se byna oorversigtige uitsprake dat Jesus se messiaanse aanwysings moontlik by Homself begin het. Met bepaalde punte van kritiek vind Wessels aanklank by Wright se uitvoerige en sterk argumente dat Jesus wel 'n messiaanse missie gehad het. Nadat Wessels simpatiek-krities die verskillende pogings om 'n historiese rekonstruksie van Jesus te maak, geëvalueer het, vra hy in die slothoofstuk die vrae: "Mag ons 'n historiese rekonstruksie van Jesus probeer maak en kan ons dit doen?" Hy dink wel so. Uit historiese feite meen hy dat 'n geloofwaardige profiel van die historiese Jesus saamgestel kan word. Hy voer oortuigende argumente aan waarom die kanonieke Evangelies en Pauliniese geskrifte se berigte oor Jesus as betroubaar beskou kan word en dus vir so 'n studie gebruik kan en moet word. Hy bied ook enkele riglyne aan vir verdere navorsing oor die historiese Jesus. Die boek sluit met 'n treffende stelling af: "Selfs al kan ons op die ou end nie presies sy lewe rekonstrueer nie ... is die deurslaggewende vraag nie wat ons van Hom weet nie. Die vraag is wel of ons bereid is om Hom na te volg" (p. 307).

Wessels slaag deur hierdie publikasie goed daarin om te midde van 'n doolhof van benaderings, nadenke en gesprek oor die historiese Jesus te stimuleer. Dit is duidelik dat die skrywer baie goed ingegrawe is op die betrokke vraagstukke en hulle persoonlik deurdink het. Die leser wat onbekend is met hierdie studieveld sal waarskynlik ietwat oorweldig word deur die talle argumente wat gevolg moet word. Vir die leser wat meer vertrouwd is met die terrein, bied die publikasie 'n kompakte oorsig en rigtingwysers. *Wie was Jesus regtig? Oor die historiese Jesus* is 'n tydige publikasie wat met groterwordende insig weer en weer gelees kan word.

Fokusresensies

Lewis, C.S. 2006. **Doodgewoon Christen.** Wellington: Lux Verbi.BM. 214 p. Prys: R109,95. ISBN: 978 07963 0529 9.

Resensent: G.A. Lotter
Praktiese Teologie, Potchefstroomkampus,
Noordwes-Universiteit

Mere Christianity van C.S. Lewis is aangewys as die beste godsdienstige publikasie van die vorige eeu. Dit is nou vir die eerste keer in Afrikaans vertaal deur Andries Cilliers as *Doodgewoon Christen*. As doktrale student in die VSA in 1983 het ek die eerste keer van die boek gehoor en was verstom hoe dit destyds daar gelees en onder evangeliese Christen in Amerika bespreek is.

Doodgewoon Christen is die neerslag van radiopraatjies wat Lewis tydens die Tweede Wêreldoorlog gelewer het om mense moed te gee en geloofsvrae te beantwoord van mense wat in die midde van 'n bloedige oorlog gewikkel was en "... gesoek het na 'rerige geloof' wat hulle wêreld kon nuutmaak" – soos dit op die omslag aangedui is.

Aanvanklik het die boek moeilik gelees en ek het gou besef dit sal nie vir ontspanningsleestof gebruik en in afdjies gelees kan word nie. Stilte in jou omgewing en volle konsentrasie is noodsaaklik om die volle rykdom van Lewis se boek te begryp. 'n Mens kan agterkom Lewis was 'n intellektueel en iemand wat gewoon was aan rasonale redenasies. Aan die ander kant maak hy ruim van allerlei metafore en beelde gebruik wat die sake wat hy wil beklemtoon, baie goed illustreer. Indien 'n mens in gedagte hou dat hy ander fantasieverhale geskryf het (soos bv. *The chronicles of Narnia* en *The screwtape letters*) dan is dit duidelik dat hy nie net 'n "linkerbrein denker" is nie, maar dat hy besondere kreatiwiteit gehad het en in terme van "prentjies" kon dink. So skryf hy byvoorbeeld dat die argitek van 'n huis nie deel van die bouwerk is nie en "van buite af" funksioneer om daarmee God se betrokkenheid by die skepping aan te dui (p. 45) en op p. 148 verwys hy na geloof en dade as die twee lemme (wat altwee nodig is) van 'n skêr.

In die boek kom 'n mens agter dat Lewis 'n besondere *verduidelikende* styl het wat die redenasie van die een kant af neem en

deur goeie logika uitkom by dit wat hy wil bereik. Dit is duidelik dat hy in die klassieke retoriek geskool is.

Die hele saak van goed/kwaad kom sterk in die boek na vore en hy het lang besprekings oor moraliteit (p. 93) en die belangrikheid van morele keuses. Hy bespreek ook “kardinale deugde” (p. 88 e.v.), naamlik:

- Gesonde verstand: praktiese oordeel
- Matigheid: behou gesonde bande
- Geregtheid: algemene opregtheid
- Vasberadenheid: vasbyt as dinge moeilik raak
- Deug: innerlike kwaliteit

Soos te verstaan, loop die tema van oorlog soos ’n goue draad dwarsdeur die boek en dit is sekerlik vanweë die feit dat die stof oorspronklik radiopraatjies was wat juis in oorlogstyd uitgesaai is – dit is wel verwerk met die oog op publikasie.

Lewis is nie eensydig in sy aanpak nie, maar gee ook aandag aan seksualiteit (Hoofstuk 5) en, alhoewel hy verklaar dat hy nie getroud is nie, ook aan die huwelik (Hoofstuk 6) – uit sy biografiese besonderhede blyk dat hy tog later getrou het.

Benewens die “kardinale deugde”, hanteer hy ook sogenaamde “teologiese deugde”, naamlik liefde, hoop en geloof (p. 132-144).

Al is Lewis ’n akademikus met sterk teoretiese begroning in sy skryfwerk, bly hy steeds baie *prakties* in die toepassing van Christen-wees en dui byvoorbeeld praktiese stappe op p. 121 en p. 142 aan. By die belangrikheid van geloof, skryf hy:

Daarom sal ’n mens jou moet oefen in ’n vaste geloof.

- Die eerste stap is dus om te erken dat jou buie verander.
- Die tweede is om seker te maak, as jy die Christelike geloof aanvaar het, dat jy elke dag op een of ander manier oor die belangrike leerstellings nadink.

Omdat die boek die samevatting van radiopraatjies is, is dit moeilik om die deurlopende tema te beskryf. Tog is daar beslis ’n besondere rykdom en diepte in elkeen van die vier “Boeke”, wat soos volg ingedeel is:

-
- Boek 1: Reg en verkeerd as leidraad van hoe dinge inmeekaarsteek
- Boek 2: Wat Christene glo
- Boek 3: Christelike leefstyl
- Boek 4: Anderkant persoonlikheid, of: Die eerste tree in die leer van die eenheid

Hierdie boek van Lewis is beslis nie ontspanningsleesstof nie, maar moet gefokus gelees word, amper soos 'n akademiese stuk werk. Tog is die inhoud nie uitsluitlik rasionaal en moeilik verteerbaar nie. Die gebruik van beelde en metafore maak dit interessant.

Daar is diepte in sy spiritualiteit wat 'n mens waardeer en wat nagevolg kan word. 'n Mens kan selfs verryk word deur sy segswyses en die metafore wat Lewis gebruik.

Wat te waardeer is, is dat Lewis, wat nie 'n teoloog is nie en ook nie op een op ander wyse teologiese opgelei is nie maar uit 'n atïestiese agtergrond kom (hy het eers later tot bekening gekom), so 'n besondere boek oor geloof skryf. Hy is eerlik daaroor en pretendeer nie om meer van die teologie as ander gelowiges te weet nie.

Die vertaling is goed gedoen en Andries Cilliers het moeite gedoen om dit in 'n "Afrikaans-vriendelike" wyse aan te bied. Cilliers het dit soms ook gekontekstualiseer in 'n formaat wat dit meer toepaslik maak deur byvoorbeeld te verwys na 'n rekenaar soos ons dit vandag ken. Die gebruik van die woord "lawwe" deur Cilliers, is soms steurend en die afwisselende gebruik van sinonieme sou beter gewees het.

Alles in ag genome, is *Doodgewoon Christen* 'n besondere boek wat elke Christen behoort te lees. Wees egter gewaarsku: dit is nie populêre Christelike literatuur nie en die leser moet ook gereed wees om geraak/geroer te word deur wat hy skryf!

De Kock, Helene. 2007. As dood Lewe word. Vereeniging: Christelike Uitgewersmaatskappy. 94 p. Prys: R59,95. ISBN: 978-1-77000-395-8.

Resensent: J. Steyn

Praktiese Teologie, Universiteit van die Vrystaat

Die “Verhaal van die dood – maar veral van die Lewe” begin by die lewe van elke dag – ’n lewe wat voortgaan asof dit altyd dieselfde sal bly. Dan ruk alles tot stilstand deur die dood van Jaco de Kock. Die fases van die familie se narratief illustreer die tere liefdesband tussen ouers en kinders; die beleving van die doodstyding deur die ouers en familie; die proses tot en met die begrafnis; die begrafnis en die troos uit die Woord; die dae en maande wat volg in die rouproses; die worsteling met die God van lewe en Lewe; die groei van die ouers tot die beleving van ’n tyd waar “blydschap en hartseer susters geword het” en dan die goue uitkoms: ’n gesondword in Christus.

Die konfronterende styl om emosies direk te hanteer, wonderwerke in die proses raak te sien en ook Skrifverhale as metafore aan die eie seer te knoop, spreek van hoogstaande gehalte op literêre gebied en ’n diepgang in geestelike groei. Die styl is vloeiend en hou die leser se aandag gevange tot die laaste bladsy.

Die stylvraag waarmee die leser worstel, is of die skryfster in die derde persoon (“die ma” en “die pa” en “die ouers”) skryf in plaas van in die eerste persoon, om daarmee eksternalisering te gebruik om self “gesond” te word. Die doel daarmee kan ook wees om elke ma en pa te laat identifiseer met die rouproses, sodat hulle hulself kan sien. Enersyds sou die verhaal moontlik nog meer persoonlik gewees het indien die eerstepersoon-skryfstyl gebruik is, maar andersyds raak die leser so betrokke in die verhaal van stryd en oorwinning dat dit tog ook ’n andersoortige boeiende vereenselwing word.

Die boek kondig self die eerste soort leser in die subtitel aan: “’n verhaal van bemoediging vir elkeen wat ’n geliefde aan die dood moes afstaan”. Die leser wat self die smart van die dood en veral van ’n kind moes ervaar, kan hoop vind in die lees van die verhaal. Die Skrifgedeeltes het “die ma” gehelp om te groei tot ’n vermenging van hartseer en blydschap om uiteindelik te kon kom tot ’n nuwe seisoen in haar verhouding met God.

Die tweede soort leser wat nog nie self hierdie pad moes loop nie, verkry daarmee deernis en begrip vir die medemens wat hulle steun in sulke tye nodig het.

Die pastorale berader of begeleier verkry met die lees van hierdie boek insig in die rouproses, meer as om net die gewone fases van 'n rouproses te bestudeer. Die boek kan 'n handige toevoeging wees tot die studiemateriaal van predikante in opleiding en in die praktyk, maar veral vir studente in die Praktiese Teologie met toespitsing op pastorale berading.

Die uitgangspunte uit die Skrif is suiwer en mag lei tot geloofsgroei by die verskillende kategorieë lesers. Die slotsom waartoe gekom word aan die einde van die werk, naamlik dat blydskap in die HERE die enigste wyse is waarop die treurendes weer met die lewe kan voortgaan, is suiwer. Die terapeutiese waarde word ook verkry uit die neerskryf van die narratief.

Hierdie werk is 'n juweel en word sterk aanbeveel vir biblioteke van kerke en vir elke persoon wat worstel met die trauma van 'n geliefde se dood. Om so 'n reis saam met iemand wat sy diepste seer ontbloot, te stap, is 'n voorreg waardeur elkeen wat die reis meemaak 'n nuwe blik kry op seer en die Lewe na die dood.

Baie dankie aan die skryfster wat bereid was om dit met die lesers te deel!

Manning, Brannin. 2007. Die goeie nuus vir flentermense: oor God se verstommende genade. Wellington: Lux Verbi.BM. 188 p.
Prys: R109,95. ISBN: 978 07963 0564 0.

Resensent: S.J. Wessels
Pastorale terapeut, Ngupasen Pastorale Dienste

Ek is nie 'n dweper nie, maar met *Die Goeie Nuus vir flentermense* dweep ek gewoon. Nog nooit het ek *genade, onbeskryflik groot* so duidelik en groots omskryf ervaar nie!

Om hierdie mooi versorgde sagtebandboek in jou hand te neem, is alreeds 'n ervaring. Teen die blou agtergrond is 'n foto van die seuntjie wat herinner aan Oliver Twist, die uitgehongerde wesie met sy vuil gesiggie, die handjies erbarmlik om 'n leë bakkie gevorm, smekend vir nog iets om te eet. Die bakhandfiguurtjie van 'n magtelose mensie is sprekend van die inhoud van die hele boek.

Piet Naudé sê van hierdie boek dat dit “Brute onafgewaterde Evangelie” is. Beter kan ek dit nie stel nie, dus leen ek maar hierdie paar woorde.

As die woord *evangelie* die begrip *genade sonder verdienste* omhels, is dit presies waarom dit gaan in hierdie hou-net-aan-lees-en-lees-boek. Genade sonder verdienste word verder op ’n *brute, onafgewaterde* wyse aangebied, gestroop van alle finesse en onnodige vergeesteliking. Wie het regtig voor God iets om aan te bied?

Wie is die flentermense wat ’n mens op grond van God se genade in die hemel sal teëkom? Hulle is die uitgeworpenes: die prostituut, wat ’n inkomste moet genereer vir haar tweejarige seun, die meisie met ’n diep skuldgevoel oor ’n aborsie, die sakeman wat bedrieg het, die gemolesteerde tiener, noem maar op ... ; Ja, sê Manning, en ook hy, die hulpelose alkoholis, sal ook daar wees; maar ook die Fariseërs, die *goeie Christene!*; Johannes, wat die wet nagekom het deur te vas terwyl Jesus feesgevier het saam met die uitgeworpenes. Ook vir hierdie armes wat hulle eie heil wou uitwerk, is God se genade genoeg.

Flentermense word verder aangedui as:

- Mense wat hulself bekroon met ’n *stralekrans*, maar die krans sit so skeef dat dit hoofpyn veroorsaak. Hulle is armes van Gees en moet weet hoe afhanklik hulle van God is. Hulle moet ook aanvaar dat hulle nie aanvaarbaar is nie.
- *Houtkappers en hofsangers* wat verwondering uitgeskuif het deur die beoefening van die wetenskap. God se bestaan moet ervaar, nie bewys word nie. As jou naam die dag geroep word, is dit nie omdat Abba regverdig is nie, maar omdat sy Naam genade is.
- *Gasie Signore* – besluiteloses moet genade aanvaar soos hulle is, nie soos hulle wil wees nie.
- *Plastiek juwele en saagselwors* – “*To do the right things for the wrong reasons*”. Ons kan God nie beïndruk met ons prestasies nie.
- *Vry van vrees* – Christene wil graag slawe wees en grawe wet-tiese loopgrawe. Sulkes moet die bevrydende genade van God beleef.
- *Die tweede roeping* – jy kan die tweede reis, die lewensmiddag, nie leef volgens jou oggendprogram nie. Ons kan nie God se

vanselfsprekende liefde in 'n blik druk nie. Ons hoop op God se feesmaal is nie sodat ons pyn en lyding sal vryspring nie.

'n Praktiese gids vir nadenke en gebed vir individue en groepe word agter in die boek voorsien.

Die Goeie nuus is ook waarlik goeie nuus. Op 'n sprankelende wyse word die wydheid van God se genade sonder verdienste in gewone Afrikaanse gebruikstaal illustrerend oorgedra. Tog doen die feit dat die taal aards is, geen afbreuk aan die teologiese standaard van die werk nie. Andries Cilliers het uitstekende vertaalwerk gedoen.

Na God, sy Abba, sy Vader, word met groot respek verwys en op geen stadium word die ongemaklike gevoel van familiariteit geskep nie. Hier is wel 'n gevoel van 'n intieme nabye omgee, selfs neerbuigende liefde van die Vader vir sy kind. Veel meer as waartoe enige aardse Vader in staat is.

Die boek is deurspek van goeie navorsing en ander teoloë se skitterende werke word kwistig en kleurvol aangewend.

Dit is nie net vasgeloopte flentermense of die sogenaamde uitvaagsels en mislukkings van die samelewing wat God se flentermense is nie, maar veral ook die fariseërs, die mense wat so hard probeer om goeie Christene te wees, om reg te lewe, elke jota en titel van die wet na te kom. Hulle werk met 'n voorwaardelike genade van éérs berou, dan vergifnis – sodat hulle dit kan verdien! Hulle is éérs flentermense. Hulle is mense wat nog niks begryp van eers vergifnis, dan berou nie – omdat ek niks kan *verdien* nie. Berou kan nie vanself ontstaan nie, berou is gebore uit dankbaarheid. Wettisisme word oortuigend afgeskiet.

Hierdie boek is vir flentermense: platgeslanes, uitmekaargeskoptes, moedeloses, vasgelooptes, armes van gees – noem maar op. Dit is egter ook vir die fariseër (dominee) wat so hard probeer, maar nogtans faal om God se genade te verdien en hom-/haarself uitbrand in die proses. Dit is vir diegene wat geskok gaan uitroep: “Wat soek hulle hier?” as hulle al die flentermense in die Koninkryk teëkom.

Manning eindig sy boek treffend soos volg:

Daarom wil ek hê dat my grafskrif moet lees:

BRANNIN MANNING

GEBORE: ...

OORLEDE: ...

ABBA SE FLENTERMENS

